Literati

Inhoud

Bl. 1 Beste bonsaiers
Bl. 2 Lucas-boom herontwerp
Bl. 3 Ou Dame se nuwe voorkoms
Bl. 4 Fotobronne

Beste bonsaiers,

Die jaarlikse skou van Boland Bonsai Kai op 28 Mei beloof om vanjaar groter en beter as ooit te wees. Hierdie geleentheid op die kalender het nou al gegroei tot ‘n Wes-Kaapse hoogtepunt wat wyd ondersteun word.

Dit gebeur natuurlik nie van self nie en word net moontlik gemaak deur die entoesiastiese samewerking van almal in die klub. Daarom doen ek ‘n beroep op alle lede om teenwoordig te wees selfs as jy nie van plan is om ‘n bonsai te koop of te verkoop nie. Elkeen wat hand bysit help om te sorg dat die geleentheid ‘n sukses is en sake glad verloop.

Dankie ook aan almal wat reeds weke agter die skerms besig is met die reëlings en vrywillig inspring om te help. Dankie ook aan Pietman Retief wat ingewillig het om weer die afslaer te wees.

Nooi asseblief ander mense om die veiling te kom ondersteun. Dit is ‘n goeie geleentheid om ons stokperdjie te bemark en mense te help om goeie materiaal teen bekostigbare pryse aan te skaf.

Ek sien uit daarna om julle almal daar te sien en weet sommer dit gaan weer ‘n groot sukses wees. Daar is nog tyd om materiaal vir die veiling aan te bied. Mense wat dit wil doen moet asseblief vir Marie-Louise bel en reëlings tref.

Onthou ons het vanjaar die verkooptafels van die veiling geskei sodat dit nie lank uitgerek is nie. Potensiële materiaal en potte sal apart te koop aangebied word en sal soos ‘n gewone transaksie in ‘n winkel plaasvind met die klub wat 10% van verkope kry.

Onthou ook dat mense wat die ontbyt in die Katjiepiering-restaurant vooraf wil bywoon plek moet bespreek.

Tot Saterdag!

Groete,

Kobus Fourie,

Voorsitter.

Lucas-boom herontwerp

Deur Willem Pretorius

Die Herfsfees wat die naweek van 4 Mei in George aangebied is deur Katrivier Kai was die ideale geleentheid om weer te besin oor een van Becky Lucas se historiese dennebome.

Net eers – die fees is regtig een van die hoogtepunte van die bonsai-kalender en dit sal goed wees as meer lede dit volgende jaar kan bywoon. Daar was uitsonderlike bome op die skou en die praatjies was van hoogstaande gehalte.

Daar is in oorleg met Martin Smit, kurator van die botaniese tuin, besluit om een van Becky Lucas se dennebome saam te neem om raad te kry by Mario Komsta wat die gasspreker by die fees was.

Mario het reeds op 26 ‘n merkwaardige bonsai-loopbaan. Hy is oorspronklik van Blachownia in Pole. Op 17 het hy besluit hy klim op die Trans-Siberiese trein en na vele ervarings het hy Japan bereik. Daar het hy vyf jaar bonsai geleer by die Taisho-en onder Nobuichi Urushibata.

Hy is een van die eerste Europeërs van wie ‘n shohin gekies is (in 2006) vir die die topskou in Japan, die Kokufu Ten. In 2007 het hy ook die Ginko-prys vir sy shohin-uitstalling gewen en daarna het sy prestasies spoed opgetel.

Mario aan die verduidelik en aan die werk

Hy is nou woonagtig in Spanje en is die kurator van die Alcobendas bonsai-museum in Madrid. Buiten bonsai is hy ‘n bergklimmer en ‘n liefhebber van vinnige motorfietse.

Interessant is dat daar nie een bonsai in die versameling in Madrid is wat ouer as 30 jaar is nie. Dis nou buiten yamadori. Vergelyk dit met ons eie versameling waar daar bome is wat 76 jaar oud is. Hy reken nie een botaniese tuin in Europa het bonsais wat so oud is wat nie in die natuur uitgehaal is nie. Ons kan ook trots daarop wees da tons die Wes-Kaapse Bonsai Erfenis-versameling met vrywilligers in stand hou. Hy het vyf ander professionele mense om hom by te staan.

Toe hy die geskiedenis van die Becky Lucas-boom hoor, het hy gesê hy is baie geëerd om aan die boom te mag werk. Met so ‘n historiese boom sou dit egter hom die hele dag neem om te bedraad en daar was ongelukkig net nie tyd daarvoor nie.

Nogtans het hy waardevolle raad gegee oor hoe die apex van die boom verbeter kan word. Dit was reeds lank ‘n probleem vir ons aangesien dit bolangs net soos Donald Trump se pruik begin lyk het….

Daar was te veel takke in die apex en die boom se groei is bolangs so sterk dat die onderste takke begin ly, het hy gesê. Ons het toe vier takke uit die apex geknip waarna hy ‘n tak bedraad het. Daarna het hy ook handige wenke gegee oor sy toekomstige visie vir die boom en beloof om

in die toekoms die ontwikkeling daarvan dop te hou.

So is nog ‘n hoofstuk geskryf in die geskiedenis van een van die historiese bome in die versameling.

Mario Komsta - bonsai-meester van Madrid, Spanje – het op 4 Mei 2016 by die Herfsfees in George raad gegee oor die herontwerp van een van die historiese denne van Becky Lucas wat deel is van die Wes-Kaapse Bonsai Erfenis-versameling. Hy het die apex radikaal verander en voorstelle gedoen oor hoe die boom verbeter kan word.

OU DAME SE NUWE VOORKOMS

Fritz Joubert

Die bostelegraaf veroorsaak soms dat jou reputasie as bonsaikweker jou vooruitloop, veral as jy ’n nuwe intrekker in die buurt is waar daar geen bonsaiklub of bonsaikwekery is nie. Dus: in die land van die blindes is die eenoog dikwels koning.

So het dit gebeur dat Gayle Griffin se paaie met myne in Onrusrivier gekruis het. Gayle en haar man, Tony, woon in die aftreeoord Onrus Manor waar ’n oud-kollega en die Griffins se buurman hulle van die gewese Paarliet en bonsai-entoesias vertel het. Die rede vir Gayle se belangstelling was dat sy ’n baie ou jenewerboom (‘juniper’) het wat spesiale betekenis vir haar het. Sy het dit 26 jaar gelede as geskenk met haar 50ste verjaardag ontvang.

Sy en Tony het destyds in die Johannesburg-omgewing gewoon, maar sedert hul verhuising na Onrusrivier het hulle nie juis kontak gehad met iemand wat hulle met die bonsaiboom kon help nie. Gayle self versorg haar enigste bonsai met groot ywer, maar sy het in die verlede staatgemaak op iemand anders wat met oorplanting en snoeiwerk kon help.

Dit is nou waar die uwe in die prentjie kom. In Oktober 2016 het ek die eerste keer met die statige ou ‘juniper’ kennisgemaak. Hy was duidelik erg oorgroei (sien foto) en het ook deur die jare potgebonde geraak. Ons het besluit om basiese snoeiwerk en bedrading te doen. Daarby is besluit om ’n takkie aan die bopunt te “jin” voor die boom versigtig in dieselfde houer oorgeplant is – net sowat 5 cm. groeimateriaal is reg rondom die pot verwyder want ons wou nie die ou dame te veel skok nie.

Dit is egter nie die einde van die storie nie. Willem Pretorius, wat die boom later te siene gekry het, het voorgestel dat die posisie van die boom in die pot verander moes word. Hy het na vanjaar se Paasnaweek kom help dat ons van die ou grondmassa rondom die wortelbal verwyder terwyl die voorkant meer na regs gedraai is.

Die ‘juniper’ het dit alles oorleef. Binnekort sal van die drade verwyder en nog voeding toegedien word.

Die “Before and After”

Fotobronne:

Bl. 1 artofbonsai.org

Bl. 2 Willem Pretorius

Bl. 3 Willem Pretorius

Bl. 3 Fritz Joubert

Bl. 4 www.pinterest.com

Bl. 4 johnnyoptimism.blogspot.com